# MEDIA VERKLARING

VRYGESTEL OP 11 APRIL 2025

EMBARGO: GEEN

## VERWOESTING AS 12 000 STAATSDIENSPOSTE ONTRUIM WORD

Die SAOU het met groeiende kommer kennis geneem van die Minister van Staatsdiens se respons op 'n vraag wat deur die Parlement gestel is oor die Vroeë Aftrede Program.

Die voorgestelde Vervroegde Aftrede Program is 'n item wat tans onder bespreking is en geen helderheid is tot op hede ontvang oor aspekte soos die implementering hiervan nie.

Die SAOU dui graag aan dat die verlies aan 12 000 werknemers, wat ook onderwysers tussen die ouderdomme van 55 tot 59, sowel as die addisionele onderwysers tussen 60 en 63 wat moontlik ook kan aftree, sal 'n aftakelende uitwerking op die onderwysstelsel hê.

Dit sal hoofde, adjunkhoofde en departementshoofde, sowel as die mees ervare onderwysers in die stelsel insluit. Hierdie persone word gesien as dié wat rigting en mentorskap in skole verleen. Tot op hede is geen navorsing gedoen om aan te dui wat die impak van hierdie verlies aan kennis, vaardighede en organisatoriese geheue op die klas en op die skool sal hê nie.

Daar is tans ook geen aanduiding oor wanneer en hoe hierdie poste gevul sal word nie, of wat die implikasie vir klasse en skole sal wees om met hierdie vakante poste te probeer funksioneer nie.

Die SAOU noop werknemers van die staatsdiens om ingeligte besluite te neem.